

18 April

Skrifgedeelte: Spreuke 3:3, 4

Fokusgedeelte: Spreuke 3:3, 4

Liefde en trou vind guns voor God en mens

Laat dit wat jy doen weerkaatsing wees van die Here se werk en besigwees in jou en met jou lewe. Dit is wat ons in hierdie spreuk hoor.

Liefde en trou kom tog van die Here, want God is liefde en Hy is getrou. Daarom moet jy liefde en trou bewys. En wanneer jy dit doen waartoe God jou roep en waartoe Hy jou in staat stel, is dit goed in sy oë en sal daardie eienskappe ook deur mense raakgesien word. Só ontvang God die eer.

Die Spreukeskrywer getuig eintlik hier van die komende verlossingswerk van Jesus Christus aan die kruis. Hy getuig ook van die werk van die Heilige Gees wat in sy volheid op Pinksterdag uitgestort sou word. Alleen wanneer die Heilige Gees, God Self, in jou werk, kan jy wees en doen wat God van jou eis. Dan kan liefde en trou deel wees van jou hartsgesindheid en lewensoptrede.

Die liefde waarin ons moet volhard, is 'n afskynsel van God se volkome liefde wat Hy deur Jesus Christus se kruisdood aan sy uitverkore kinders sou bewys. Dit is 'n liefde wat opoffer en gee. Van daardie liefde moet gelowiges se lewens getuig. Dankbaarheidsliefde teenoor die Here vir sy genadevolle besigwees met sy kind. Daarmee saam ook liefde teenoor die naaste. Liefde wat die gelowige dring om sy naaste vrywilliglik te help en by te staan ... diep bewus van God se liefde en genadevolle bystand en seën in sy eie lewe.

Die trou waarin die gelowige moet vasstaan, gryp vas aan God en aan hoe Hy Homself bekend maak (in sy Woord). Die gelowige lewe getrou aan God en aan sy geopenbaarde Woord. Die gelowige hou vas aan God en aan sy vaste troue belofte van redding in sy Woord.

Bind daarom liefde en trou om jou nek ... laat jou lewensoptrede van God se liefde en trou getuig. Skryf liefde en trou op jou hart ... laat jou diepste innerlike wese oorloop van God se liefde en trou. Dan sal God se seën op jou rus en sal Hy jou tot 'n seën in die lewe van jou naaste gebruik.

Sing: Psalm 116:1, 4 (Totius)

Dr. JH Howell (Heidelberg)